KONNEKSIES

17 SEPT 2023 | PSALM 1:1 - 5
BOEK: BESTEL GERUS VIR GELOOFSGROEI

BM Bybel-Media | bybelkor

Ons wil Jesus sien

deur Coenie Burger & Marius J. Nel

Klik hier en koop nou!

www.bybelmedia.org.za



1. KUIER

Wat is vrese wat in jou hart lewe vandag?
Steek ‘n kers aan en bid tot die Heilige Vader, Seun en Heilige Gees om julle ontmoeting te seën en te vul met hulle teenwoordigheid.

2. WANDEL IN DIE WOORD

Psalm 1:1 - 5
Kies een persoon om die teks hardop voor te lees.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees. Daarna draai almal twee-twee na mekaar en deel met mekaar wat vir jou uitgestaan het van die teks wat pas gelees is (dalk is daar vrae, gedagtes of kommentare wat by jou opkom met die lees van die teks).

Gee 4-6 minute vir die gesprekke. Daarna draai weer na die groot groep en deel dan wat jy gehoor het by die persoon met wie jy gesels het.

*Hierdie is 'n besonderse oefening vir ons om ook by mekaar te leer - daarom speel "luister" so 'n groot rol wanneer ons Wandel in die Woord.

4. GESELS

Die meeste van ons verstaan veiligheid as die afwesigheid van bedreiging of gevaar. Bv as jy in die middernag op ‘n straat in die middestad sou loop, sou jy dalk rede hê om onveilig te voel. In kontras hiervan, as jy knus in jou ‘n bed lê, met die deure gesluit, die alarmstelsel ge-aktiveer, die hond op sy / haar plek, dan voel jy relatief veilig.

As ‘n mens hierdie soort veiligheid jou maatstaf maak van ons verstaan van vertroue op God, gaan ons geloof redelik wipplank ry.

Wat sou jy sê is die definisie van veiligheid?

Lees die volgende stelling hardop:

‘n Mens sou wonder hoekom baie mense wat relatief veilig leef, eintlik min erg aan geloof het, terwyl mense wat trauma beleef, baie keer vashou aan God se Woord en wil.
Hoe voel jy oor die stelling?

Lees Psalm 1:1 – 5

Die Psalm digter ervaar God se teenwoordigheid soos ‘n konneksie punt van ‘n boom wat by ‘n waterstroom geplant is. In hierdie konneksie vloei daar nuwe lewe, energie en dinamika wat maak dat die boom groei en vrug dra.

Die boom wat naby hierdie waterstroom geplant is word vergelyk met ‘n gelowige wat naby aan God leef, wat op die Woord mediteer, wat toelaat dat Sy denke en hart vernuwe word. Dit is in wese die definisie van groei – jy floreer lewenslank om meer soos Jesus te word.

Coenie Burger vertel dat hy as matriek seun ere klere verwerf het. Dan het jy balkies gekry vir sport, kultuur en akademie. Hy was trots op sy baadjie. Op sy 4e jaar was hy met vakansie by die huis en het hy die ere baadjie weer ontdek. Toe hy die baadjie aanpas sien hy dat die baadjie bietjie knap en ongemaklik sit. Coenie vertel humoristies, dat hy te groot geraak het vir die baadjie. Hy het die ongemaklike baadjie so gou as moontlik uitgetrek.
Hy vertel dat dit is presies wat met te veel Christene gebeur. Ons bely iewers op die ouderdom van 15 dat Liewe Jesus ons verlosser is en dat Hy vir ons sonde gesterf het. Dit is soos die matriek ere kleure baadjie. Van daardie oomblik groei ons nie weer in Jesus nie. Ons doen eintlik net wat ons wil – ons sê ons is Christene maar die vrug bewys die teendeel. Ons dink dat ons nog in ons erekleure baadjies van matriek sal pas soos ons ouer raak. Maar ons doen nie.

Hoe kan ons oor jare heen verwonderd wees en bly oor die lewe van Jesus?

Coenie stel voor dat ons elke tweede jaar ‘n goeie “Jesus boek” moet lees / dat ons meer intensioneel met die Nuwe Testament sal omgaan: Lees Paulus se briewe, lees die 4 Evangelies met ‘n bril wat fokus op Jesus se woorde en aksies / dat ons antwoorde in die Bybel soek in plaas van kits oplossings (soos tegnologie).

Kan jy aan nog idees dink hoe ons nader aan Jesus kan groei?

Bespreek die volgende stelling met die bg. in ag:

“Safety is not the absence of threat; it is the presence of connection”

Mag die teenwoordigheid van God vir ons nuwe betekenis bring van wat veiligheid is. Dit is soos om ‘n geliefde vas te hou in ‘n donderstorm terwyl julle kamp. Julle is relatief onveilig maar die wete dat hy/sy langs jou is, saam met jou hierdeur gaan is die idee van Psalm 1. Konneksies met God beteken dat Hy saam met ons stap soos Psalm 23 se dood skadu’s waar die gelowiges vreesloos kan wandel OMDAT God saam met ons op reis is.
Bid
Bid vir mekaar se geloof,
Bid vir mekaar se vrese,
Dank die Here dat Hy ons Ewige en vaste konneksie punt is (waterstroom en bergskuiling).